# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (30/11)

*Justin Chadwick (5 Augustus 2011)*

***GESEGDE VAN DIE WEEK "Quality is not an act. It is a habit." Aristotle***

## KWALITEITSWERKSWINKEL

Suider-Afrika het hul van die res onderskei, gebaseer op kwaliteit: streng standaarde, kwaliteitsinspeksie van elke besending, groot beleggings in navorsing en ontwikkeling van vrugkwaliteit en oeslading. Konstante verbetering in die na-oes omgewing het beteken dat die groei in volume van die bedryf nie ten koste van kwaliteit was nie. Gedurende hierdie seisoen het die nawel-, sagte sitrus- en suurlemoenfokusgroepe gevra dat die CGA 'n werkswinkel moet hou om kwessies rakende kwaliteit te ondersoek – hanteerbare faktore sal ontrafel word om te sien hoe suider-Afrikaanse sitrusprodusente en die voorsieningsketting die kwaliteit van Satsumas, nawels en suurlemoene kan verbeter. Gedurende die seisoen is navorsing op baie van hierdie faktore gedoen, waarvan die resultate by die vergadering aangebied sal word. Faktore soos heersende klimaatstoestande tydens kritiese tye sal ondersoek word om te bepaal watter invloed dit op kwaliteit het, onderstokke en kultivars sal behandel word om te sien of hul geskik is, na-oes tegnologie sal na gekyk word (insluitende na-oes aanwendings om te sien of die verlies aan sekere produkte 'n negatiewe impak op rakleeftyd en vervoerbaarheid gehad het), die mark se mening van die suider-Afrikaanse produkte en verskeie ander faktore sal ondersoek word. Die idee is om insette van navorsing, produksie, na-oes en die markte te verkry – en om dan die beste handeling te ondersoek en ook hoe om die boodskap by ALMAL in die voorsieningsketting te kry.

**ALLE BELANGHEBBENDES WORD AANGEMOEDIG OM DIT BY TE WOON.** Die vergadering sal by **Olive Grove, Infruitec, Stellenbosch, 10:00 tot 16:00, Woensdag 7 September** gehou word - rsvp gloria@cga.co.za vir die nodige reëlings vir verversings. Die volgende dag (Donderdag 8 September) gaan DAFF hul Jaarlikse Koördineringsvergadering by dieselfde lokaal hou.

## CGA ALGEMENE JAARVERGADERING

**30 Augustus 2011**; 18:00 by die Beach Hotel, Summerstrand, Port Elizabeth – Produsente wat graag 'n kopie van CGA se Jaarlikse Finansiële State wil hê, kontak asb vir gloria@cga.co.za of sien op die webtuiste www.cga.co.za (vanaf 5/8/2011).

## BREI UIT, VERBETER OF TREE UIT

'n Vooraanstaande produsent in Suid-Afrika het die 2010 Sitrusnavorsingsimposium met die stelling geopen dat as jy in boerdery wil bly, moet jy uitbrei, verbeter of uittree. Daar is baie bewyse van produsente wat groter raak – kleiner produsente wat verkoop en in groter boerderyondernemings word gekonsilideer word of die korporatiewe omgewing wat na die voorsieningsketting terugkeer deur plase te koop. By kongresse is hierdie groter produsente gewoonlik aanbieders wat aan produsente vertel hoe hul hul steeds groeiende besigheidskwessies bestuur. Wat ons egter nie van hoor nie, is hoe die kleiner ouens oorleef (diegene wat wel) en hoé hul verbeter. Ons het baie bewyse van kleiner produsente wat die bedryf verlaat (elke jaar krimp ons produsente–databasis), maar daar is kleiner produsente wat wel oorleef. Om te verbeter sluit opsies in soos omskakeling na nuwe of nis variëteite, innovering, aanwending van nuwe tegnologie om sodoende produksie en pakhuiskostes te verminder, om doeltreffend in die logistieke omgewing te wees en met bure en/of ander in die voorsieningsketting te skakel om gewig/massa te verkry.

Ek skat die rede hoekom ons nie van hierdie groep omtrent hul verbeteringe hoor nie, is omdat hul 'n vergelykende voordeel het volgens die strategie wat hul gevolg het – as hul by kongresse opstaan en hul geheime deel, is dit nie meer geheime nie. Die enigste advies aan kleiner produsente wat nie die hulpbronne het om uit te brei nie, is dus om maniere te vind om te verbeter, nooi jou buurman wat ook klein is, maar wat goed presteer en leer van sy geheime!! Ons wil jul graag sien verbeter, voor ons jul sien gaan!

## GEPAK EN VERSKEEP 2011

Produsente het besonders moeilike markte in 2011 in die gesig gestaar – en moes kritiese besluite ten opsigte van pak en uitvoer neem. Met Valencias wat nou in volle swang is – is die fokus op hierdie sektor. Volgens die produsente het die meeste besluit om nie klas 2 vrugte te pak nie, met groot volumes wat nou na verwerking gaan. As gevolg hiervan is daar 'n betekenisvolle vermindering in die Valencia uitvoervolumes wat voorspel is, die Valencia Fokusgroep (VFG) moet nog die nuutste voorspelling finaliseer – daar word verwag dat die vorige voorspelling van 41.3 miljoen kartonne (27 Julie) onder groot druk gaan wees, met 'n eindvolume van tussen 37 en 39 miljoen kartonne wat verwag word. In twee weke sal die VFG weer vergader en die situasie sal dan duideliker wees. Die pomelo-voorspelling van 13 Julie staan nog (volgende vergadering is op 10 Augustus) en so ook die nawel-skatting van 20 Julie. Die suurlemoen Fokusgroep het op 3 Augustus vergader en hul skatting na 9.5 m kartonne verhoog, terwyl die Sagte Sitrus Fokusgroep gister vergader het en hul skatting onveranderd gelaat het - Satsumas het met 1.688 miljoen kartonne klaargemaak , clementines met 2.488 m kartonne gepak van die 2.628 m skatting en mandaryne met 1.688 m gepak van die 2.936 m skatting.

| Tot Week 30 Miljoen 15 Kg kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Oorspronklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB** | 2009 | 2010 | 2011 | 2010 | 2011 | 2011 | 2011 | 2010 | 2010 |
| Pomelo's | 13.1 m | 11.7 m | 15.3 m | 11.6 m | 15 m | 14.7m | 15.3 m | 12.5m | 12.2m |
| Sagte Sitrus | 6 m | 6.6 m | 6 m | 5.8 m | 5.9 m | 7.9m | 7.3 m | 7.5m | 7.1m |
| Suurlemoene | 7 m | 8.5 m | 8.8 m | 7.1 m | 7.7 m | 9.8m | 9.5 m | 9.6m | 9.4m |
| Nawels * | 17.7 m | 21.4 m | 18.2 m | LE | MOENE | 19.4m | 19.2 m | 22.9m | 22.6m |
| Valencias* | 12.8 m | 15.3 m | 11.3 m | 29.2 m | 27 m | 42.9m | 41.8 m | 46.5m | 45.9m |
| | 56.6 m | 63.5 m | 59.4 m | 53.7 m | 55.6 m | 94.7m | 93.2 m | 99m | 97.2m |

*** Neem asb kennis dat 2011 se syfers vir verskeping vir ALLE lemoene is - PPECB is nie instaat om betroubare syfers van verskeping beskikbaar te stel.**

**PRODUSENTE SE HEFFINGS WORD AANGEWEND OM AKTIWITEITE VAN CGA, CRI EN CITRUS ACADEMY TE BEFONDS. VERSEKER SO 'N GLOBALE MEDEDINGENDE SUIDER-AFRIKAANSE SITRUSBEDRYF**